AFRIKAANS

EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1

GRAAD 10

November 2009

TYD: **2 UUR**
PUNTE: **80**

MOTHEO DISTRIK

Instruksies en inligtingsbladsy

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:
  AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)
  AFDELING B: Opsomming (10 punte)
  AFDELING C: Taal (40 punte)
- Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
- Beantwoord AL die vrae.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Trek 'n streep na elke afdeling.
- Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
- Laat 'n reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

Lees die tydskrifartikel deeglik en beantwoord dan die vrae.

Leerders betrokke by musiekprojekte

Leerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe kry nou die geleentheid om by talle musiekprojekte betrokke te raak as gevolg van die werk van die *Field Band Foundation* .

In 1997 is die *Field Band Foundation* onder leiding van Retha Celliers gestig. Die twaalfde bestaansjaar van die organisasie word die naweek op die resiesbaan in Turffontein gevier.

Baie jong musikante kom hul vaardighede op blaasinstrumente en tromme vertoon. Die kompetisie begin Vrydagoggend met 'n uitvoering van *A Song for Friends* Die musiek is spesiaal vir die viering deur Martin Markwell verwerk.

Vanaf 9: 00 kompeteer verskeie orkeste terwyl 12 beoordelaars die solo- en ensemble kompetisies evalueer. Die eerste dag word afgesluit met die prysuitdeling vir Afdeling een.

Mnr. Herman Mashaba, voorsitter van die Stigting vir Veldorkeste open Saterdag die kompetisie. Hierna begin die premier-kompetisie met die orkeste wat deurgedring het na die eind ronde. Die kompetisie word deur 'n uitvoering van die Troya-blaasorkes van Noorweë afgesluit.

Behalwe die krag van musiek is die doel van die stigting om jong mense se selfbeeld, dissipline en integriteit te ontwikkel. Op hulle beurt help die jongmense weer om hulle onderskeie gemeenskappe te ontwikkel.

Die Suid-Afrikaanse stigting het oor die jare ook internasionale uitruilprogramme begin. Dit het ons lede in staat gestel om in die buiteland te gaan toer, waar hulle hul vaardighede kon ontwikkel.

Ons werk nou saam met ons Noorweegse vriende in die Norges Musikkorps Forbund en dit het die beste plaaslike musikante die kans gebied om in musiekskole daar studeer.

Die nasionale kampioenskap is die jaarlikse afsluiting vir die orkeste en dit is in Turffontein

waar hulle die naweek pryse vir hulle harde werk sal kry.

Die publiek kan die altyd opwindende Field Band-eindrondte gratis bywoon.

[Verwerk uit *Volksblad*]

VRAE

1.1 Wie help leerders om by musiekprojekte betrokke te raak? (1)

1.2 Kies die regte antwoord.
Skryf net die nommer en die korrekte letter neer.

Die stigter van die *Field Band Foundation* was ...

A Martin Markvoll
B Herman Mashaba
C Retha Celliers
D Troya orkes (1)

1.3 Die kompetisie vind op ’n gholfbaan plaas.

1.3.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
1.3.2 Motiveer jou antwoord met Een woord uit paragraaf 2 (1)

1.4 Watter instrumente word deur die musikante in die kompetisie gespeel? (2)

1.5 Wat word op die eerste dag deur die beoordelaars geëvalueer? (2)

1.6 Noem DRIE eienskappe wat die Stigting wil ontwikkel by die leerders. (3)

1.7 Pas die inligting in KOLOM B by ’n naam in KOLOM A
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

Kolom A		Kolom B	
1.7.1	Martin Markwell	A	Voorsitter van Veldorkesstigting
1.7.2	Herman Mashaba	B	Noorweegse Blaasorkes
1.7.3	Troja	C	*Song for friends*

(3)

1.8 Dink jy dat die Suid-Afrikaanse stigting se internasionale uitruilprogram iets vir die jong musikante beteken? Motiveer jou antwoord. (1)

1.9 Wat is die skrywer se houding teenoor die *Field Band Foundation*. Motiveer jou antwoord. (1)

[16]

Vraag 2: Pamflet

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae.

Een gelukkige leser en 'n maat kan 'n heerlike naweek van R17 000 by **Kapama River Lodge** wen

Kapama River Lodge lê in die groter Kruger Nasionale Park-streek in Limpopo teen die agtergrond van die Noordelike Drakensberg-reeks.

Breek weg uit die stad en kom span uit by die luukse lodge vir 'n Bosveld-ervaring wat jy altyd sal onthou.

Die nuwe gesondheidsentrum en spa spog met 'n goeie gimnasium en die stoomkamer bied spesiale behandelings vir paartjies – Pinotage Bliss en Maroela Rasul.

In die renoster Boma eetarea kan jy aansit vir 'n heerlike buffet-ete van verskillende Afrika-disse. Op die spyskaart is spesiale wildvleisgeregte soos koedoe en rooibok. 'n Knetterende vuur sorg vir 'n gesellige buitelug-atmosfeer.

Die pakket bied vlugte op die 1-time lugdiens en 'n Avis-huurmotor aan as die wenner nie in Gauteng bly nie. Alle etes, safaritoere en ook een spabehandelilng per persoon is ook by die fantastiese prys ingesluit.

Neem so deel:

Om hierdie fantastiese prys te wen: SMS die woord KAPAMA gevolg deur die antwoord na 34492. R2 per SMS.

Vraag: Waar is Kapama River lodge geleë?

Sluitingsdatum: 30 November 2009

2.1 Die Kapama River Lodge is naby die Noordelike Drakensberge geleë.

2.1.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.1.2 Motiveer jou antwoord uit die teks met SEWE woorde. (1)

2.2	Watter woord in paragraaf 2 beskryf die lodge baie goed?	(1)
2.3	Noem TWEE dinge wat die gesondheidsentrum aanbied.	(2)
2.4	Noem TWEE kenmerke van die spyskaart.	(2)
2.5	Hoe kan die wenner van die kompetisie die oord bereik as hy nie ’n Gautenger is nie. Noem EEN manier,	(1)
2.6	Watter tipe persoon dink jy sal hierdie oord besoek?	(1)
2.7	Hoekom kan net mense met selfone aan hierdie kompetisie deelneem?	(1)
2.8	Jou het eers die 2 Desember aan die kompetisie deelgeneem. Hoekom sal jy nie die prys wen nie?	(1)
2.9	Hoekom is die woord “wen” so groot geskryf?	(1)
2.10	Wat is die funksie van al die prente in die advertensie?	(1)
2.11	Hoekom is Kapama River Lodge in vetdruk?	(1)
		[14]
	Totaal Afdeling A	**[30]**

AFDELING B: OPSOMMING

Vraag 4

- Lees die onderstaande stuk aandagtig deur.
- Skryf **SEWE** belangrike dinge neer wat jy moet onthou as jy ’n bergfiets koop.
- Jy mag nie meer as 70 woorde gebruik nie.
- Skryf dit **puntsgewys** neer.
- Jy mag nie telegramstyl skryf nie
- Skryf die aantal woorde onderaan neer.

Aha, jy wil ’n bergfiets koop! Dis ’n baie lekker manier om die omgewing te verken, die lewe te geniet en fiks te bly. Mark Johnston bekyk die ABC van fietskoop.

As jy rustig om die blok wil ry of ’n grondpad wil takel, is ’n basiese bergfiets net die ding vir jou. Dit kos so R 2000. Koop ’n fiets by ’n bekende fietshandelaar in jou dorp. Jy kan dit dan daar laat diens ook. Onthou net elkeen se lyf, arms en bene het ander proporsies, daarom moet jy ’n fiets koop wat by jou liggaam pas.

As jy naweke moeiliker grondpaaie wil ry, koop ’n fiets met vere vooraan. Die voorvering maak die rit op die pad sommer baie maklik. As jy wil keer dat jou polse seerkry, moet jy ’n bergfiets met twee skokbrekers op die voorvurk koop. Dit beskerm regtig jou polse. ’n Beginner, moet jy kyk vir ’n fiets met plat pedale. Jou skoene met die splete op die sole klik makliker daaraan vas.

As ’n fietsband sonder ’n binneband is en met ’n seëlmiddel gevul is, is die kans kleiner dat dit pap sal word. Die soort band word van dikker rubber gemaak, daarom is dit ideaal vir ’n bergfiets. ’n Band met binnebande is swaarder as ’n gewone band. ’n Fiets met ’n baie ligte raam is vir die ryer wat al die moeilike paaie wil ry. So ’n fiets se komponente is dieselfde as ’n goedkoper weergawe, maar is van sterker materiaal gemaak.

AFDELING C: WOORD-, SINSTRUKTURE EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

Vraag 5

Seun van Guguletu trek al ver

Een van die 5.1 (groot) stemme in Afrika, Sindile Ringo Madlingozi, het onlangs 'n 5.2 (Kaap) draai gemaak om sy mini-album *Into Yam* bekend te stel. Hy sê dit sal 'n lokker vir die 5.3 (fees+seisoen) wees en het 5.4 (jong/jonk) vervaardigers gevra om sy 5.5 (ou) liedjies te vermeng.	5.1 Gee die oortreffende trap. 5.2 Gee die korrekte vorm van die woord. 5.3 Verbind die twee woorde. 5.4 Kies die regte woord. 5.5 Gee 'n antoniem.
Veral die vermenging van *Isipithi Pithi* wat kom uit sy eerste soloalbum, Vukani, sal sy aanhangers tot op die 5.6 (dansvloer) dwing. Hierdie seun van Guguletu het die townships as 'n wonderlike 5.7 (plek) beskryf. "Ons het 5.8 (gely/gelei), goed saamgewerk, mekaar gerespekteer en die liefde tussen ons het gebloei.	5.6 Gee die meervoud 5.7 Gee die verkleiningsvorm 5.8 Kies die regte woord.
Sy 5.9 (een) sukses was met 'n groep genaamd Peto, waarvan hy in 1987 die voorsanger was. As 5.10 (kunstenaar) het hy *Vukani* in 1996 die lig laat sien. 5.11 (2000) CD's is binne die eerste week verkoop.	5.9 Gee die regte vorm van die woord. 5.10 Gee die teenoorgestelde geslag. 5.11 Skryf die syfers uit.
Die iukuxhenstra-ritmes wat hom in sy dae in die Sioniste 5.12 (kerkkoor) geïnspireer het, het die album gewild gemaak. Die album is 5.13 (goed) as die vorige albums. Hy dink dit is 5.14 (a.g.v.) die Xhosa kitaar wat hy gebruik.	5.12 Gee die meervoud. 5.13 Gee die vergrotende trap. 5.14 Skryf die afkorting uit.
In 1997 is *Sondelani* uitgereik en daarmee het hy dubbelplatinums gewen. Die album het hom 5.15 (beroemd) gemaak. Mamelani het gevolg en het ook goue status bereik. Hy het in 1998 'n Sama toekenning as die beste manlike sanger 5.16 (ontvang) en by die Kora toekennings is hy as die beste manlike (5.17) sanger in Afrika aangewys.	5.15 Gee die intensiewe vorm. 5.16 Gee 'n sinoniem. 5.17 Gee die teenoorgestelde geslag. **[17]**

[Verwerk *X-kit Eerste Addisionele Taal*]

Vraag 6

6.1	Ek het net 'n derde van my huiswerk gedoen.	6.1	Skryf die sin in die ontkennende vorm.	(1)
6.2	Zitts slaap net vyf uur lank.	6.2	Skryf die sin in die toekomende tyd.	(1)
6.3	Zits sê: Die Hoërskool toets net 'n mens se uithouvermoë.	6.3	Skryf die sin in die indirekte rede..	(1)
6.4	Stoffel sê dat hy iets het om vir Ellen te sê.	6.4	Skryf in die ontkennende vorm.	(1)
6.5	Ek het net een week oor om te oorleef.	6.5	Skryf in die verlede tyd.	(1)
6.6	Peanuts en sy vriend ; voor die hoof se kantoor; staan; in 'n ry; elke dag.	6.6	Rangskik die sinsdele in die regte volgorde. Begin met Peanuts en sy vriende	(1)
6.7	Lucy vra of hy hulle sal onthou.	6.7	Skryf in die direkte rede.	(1)
6.8	Hy gee <u>goue rande</u> aan die drie vriende.	6.8	Skryf 'n sin neer waarvan die onderstreepte woorde die antwoord is.	(1)
6.9	Dit is goed om 'n goeie verbeelding te hê.	6.9	Skryf die sin in die toekomende tyd.	(1)
6.10	Zitts is moedeloos. Hy het baie huiswerk.	6.10	Verbind die twee sinne met die voegwoord: omdat.	(1)
6.11	Peanuts kyk 'n riller op TV.	6.11	Skryf die sin oor maar begin met Peanuts hoef nie ...	(1)
6.12	Zitts sit met sy voete op die tafel.	6.12	Skryf die sin in die verlede tyd.	(1)
6.13	Zitts leer vanaand wiskunde.	6.13	Skryf in die lydende vorm.	(1)
6.14	Stoffel praat oor die telefoon. Ellen luister na hom.	6.14	Verbind die sinne met terwyl.	(1)
6.15	Peanuts en sy vriende bly (op; in) Bloemfontein.	6.15	Kies die regte voorsetsel	(1)

6.16	Peanuts en sy vriende **draai graag stokkies.**	6.16	Wat beteken die idioom in vetdruk?	(1) 16

Vraag 7 Kritiese Taalbewustheid

Kyk goed na die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae:

7.1 Die woord blaaskans kom op die advertensie voor.
7.1.1 Gebruik die woord blaaskans denotatief in 'n goeie sin. (1)

7.2 Kies die regte antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Wat is die betekenis van die uitdrukking: Ons praat jou taal
A Ons praat altwee Afrikaans
B Die koerant het alles in wat jy graag in wil hê.
C Twee mense praat saam. (1)

7.3 Kies die regte antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die woord Rapport is vetgedruk omdat
A die koerant se naam is.
B Dit onder in die hoek staan.
C Jy die hele bladsy moet lees. (1)

7.4 Kies die regte antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die palmboom se posisie is snaaks (vreemd) omdat die ....
A koerant enigiets doen om die lesers te plesier.
B boom skeef gegroei het.
C paartjie aan die boom hang. (1)

7.5 Kies die regte antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die toneel in die advertensie is baie rustig omdat ...

A ’n mens rustig is, terwyl jy koerant lees.
B dit altyd rustig by die see is .
C almal rustig moet wees as die fluitjie blaas. (1)

7.6 Watter woord in die advertensie sluit aan by die beeld van die fluitjie. (1)

7.7 Wat beteken van rusplekke tot rustydtellings? (1)
(7)

TOTAAL AFDELING C: [40]
GROOT TOTAAL: [80]